GIRLS & BOYS TOWN
Healing Heartbroken Children

# Jeug VANDAG

JUNIE 2024 'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN



# "Ek's oukei!"

Sorgverlaters openbaar positiewe tendense in ons jongste **Growth Beyond the Town**-navorsingstudie.

***Deurslaggewende bevindings uit die studie beklemtoon watter sentrale rol veerkragtigheid speel in die toekoms van die jongmense wat Girls & Boys Town SA verlaat terwyl hulle die uitdagings in hul oorgang uit ons sorg navigeer.***

Ons is verjeug om die jongste insigte van die navorsingstudie van Girls & Boys Town SA, tesame met die Universiteit van Johannesburg se Departement van Maatskaplike Werk, met u te deel.

Die deurlopende Growth Beyond the Town-navorsingstudie, wat in 2012 begin het, was tot dusver 'n hoeksteen in ons pogings om die uitkomste en veerkragtigheid van sorgverlaters in hul oorgang na 'n onafhanklike lewe te evalueer. Die verslag ondersoek verskeie veranderlikes in veerkragtigheid oor vyf oorkoepelende terreine: verhoudings, in-sorg, die omgewing, interaksie en individueel.

Ons sê dankie aan al die deelnemers, belanghebbendes en ondersteuners wie se bydraes hierdie navorsing moontlik gemaak het. Saam maak ons goeie vordering om uitkomste vir sorgverlaters te verbeter en 'n blinker toekoms vir toekomstige geslagte te bou.

## Sleutelbevindings uit die jongste verslag:

- Indiensneming en opleiding: Daar is 'n positiewe neiging in indiensnemingskoerse, met meer deelnemers wat werk vind namate hulle ouer word. Daarbenewens ondergaan 'n aansienlike aantal deelnemers opleiding nadat hulle Girls & Boys Town SA verlaat het.
- Finansiële sekerheid: Die studie toon 'n volgehoue toename in deelnemers wat 'n leefbare inkomste verdien en geld spaar.
- Voedselsekerheid: Kommer oor voedselonsekerheid neem beduidend af oor die sewe jaar studie.
- Middelgebruik en misdaad: Die oorgrote meerderheid deelnemers weerhou hulle van dwelms, alkohol en misdaad deur die hele studietydperk.
- Gesondheid en welstand: Liggaamsgesondheid verbeter mettertyd, terwyl geestesgesondheid stabiel bly. Oor die algemeen dui deelnemers aan dat hulle al hoe beter voorbereid voel om struikelblokke te hanteer.
- Positiewe GBTSA-ervaring: 'n Groot persentasie van deelnemers voel goed voorbereid op die lewe ná Girls & Boys Town SA en stel hul interaksie met ons personeel - selfs nadat hulle ons sorg verlaat het, hoog op prys.

### Ons Visie

Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

### Ons Missie

Ons missie is om hartgebroke kinders te heel, hoop te herstel en 'n veilige omgewing vir die kinders en jongmense in ons sorg te gee waar hul kan floreer en genees.

### Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town

'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Volg ons

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# Onbehandelde trauma in die kinderjare het langdurige gevolge, tot in volwassenheid

Om ons kinders te verstaan, moet ons begryp watter impak trauma in hul kinderjare het.

Sekere rampspoedige omstandighede wat nie aangespreek word nie, kan langtermyngevolge hê, selfs tot in volwassenheid. Trauma, ook bekend as OKE's (ongunstige kinderjare-ervarings) omskryf 'n kind se blootstelling aan enige gebeure wat vrees inboesem. Dit sluit in:

- persoonlike of waargenome geweld of aggressie.
- enige vorm van verlating wat die kind as angswekkend ervaar het.
- 'n lewensbedreigende of gevaarlike ervaring.

Hierdie angswekkende gebeure kan wissel in intensiteit, frekwensie en tydsduur, en kan 'n invloed op die lae- tot hoërisiko-kontinuum op die kind hê.

'n Kind kan byvoorbeeld net een angswekkende ervaring hê (frekwensie), wat in normale omstandighede waarskynlik 'n lae risiko op die kontinuum verteenwoordig. Maar indien daardie enkele belewing hoogs angswekkend is, bv. deur te sien hoe 'n ouer vermoor word (intensiteit), sal dit die kind in die uiters hoërisiko-kant van die kontinuum plaas.

Die impak wat ongunstige kinderjare-ervarings op kinders se daaglikse lewe het:

- Verlaag die vermoë om te reageer, te leer of konsentrasie, wat tot skoolprobleme kan lei.
- Dit is moeiliker om maats te maak en verhoudings in stand te hou.
- Verlaag toleransie vir spanning, wat tot gedrag soos bakleierigheid, afsydigheid of uittarting kan lei.
- Verhoog moontlik permanente leer- en geheueprobleme.
- Vermeerder streshormone wat die liggaam se vermoë inkort om infeksies te beveg.
- Toksiese spanning verhoog die hartklop, bloeddruk en asemhaling, wat tot blywende gesondheidsprobleme kan lei.

Al die kinders wie se verhale in hierdie uitgawe van Jeug Vandag verskyn, het vrees en trauma van een of ander aard, graad, tydsduur en intensiteit ervaar. Met die hulp, vaardigheid en ondersteuning van ons span personeellede – en uself as lojale en toegewyde vennote – kan ons hulle deur hul struikelblokke lei en toerus met die veerkragtigheid wat hulle op die pad na herstel gaan nodig kry.

Baie, baie dankie vir u ondersteuning.



LEE LOYNES
Hoof Uitvoerende Beampte




*Gesamentlike ingryping maak die jongmense bewus van die positiewe resultate wat geletterdheid en syfervaardigheid inhou.*

# Triomf oor trauma

***Ons gesamentlike ingrypings in maatskaplike werk, kinder-en-jeugsorg, asook leerondersteuning, hou die sleutel tot die herstel van gebroke kinders.***

Dit is alombekend dat trauma 'n invloed op breinfunksie het en neurale "veg-of-vlug"-bane as die enigste beskermingsopsies vir 'n kind skep.

Dit is hoekom Girls & Boys Town SA se residensiële multidissiplinêre span hul holisties toespits op die ontwikkelingsbehoeftes van elke kind wat by ons geplaas word. Baie van dié kinders het oormatige trauma ervaar, wat hul toegang tot onderrig belemmer.

Ten einde dié traumabenadeelde jongmense op hul pad na positiwiteit te plaas, assesseer ons leerderondersteuningspan elke kind voor toelating en daarna elke ses maande gedurende hul verblyf by ons. Hierdie evaluerings vorm die basis van elke kind se onderwysplan volgens elkeen se spesiale onderwysbehoeftes. Ingryping word goed beplan, is gefokus, en geskied op 'n een-tot-een basis met elke kind.

Daarbenewens speel ons leerder-ondersteuningspan 'n deurslaggewende rol om 'n leerkultuur en waardegebaseerde onderwys by al die jongmense van Girls & Boys Town SA te skep. In 2023 het die intensiewe akademiese insette gedurende die skoolvakansie positiewe resultate gelewer. Uitslae het nie net verbeter nie, maar leerders was ook beter gemotiveerd om skool te gaan, terwyl minder hulle tot "skoolweiering" gewend het.

**Bemoedigende uitslae**

Die resultate van ons leerderondersteuningspan se gefokusde ingryping met jongmense was bemoedigend, en daar was bestendige verbetering reg deur die jaar.

Die matriekklas van 2023 het goed gevaar:

- 4 uit die 5 het geslaag. Een Tongaat-leerling het toelating tot graadstudies verwerf en volg vanaf Mei 'n leerlingkontrak; hy het ook sy rybewys gekry.
- 'n Leerling van Kagiso/Randfontein het toelating tot diplomastudies gekry en gaan verpleegkunde studeer.
- 2 uit die 3 Magaliesburg leerlinge het toelating tot diplomastudies verwerf en gaan vaardigheidsopleidingskursusse volg, terwyl die derde een die 2 vakke wat hy kort om te slaag, gaan voltooi.

Hierdie jaar het ons 8 Matrikulante - 5 by Kagiso/Randfontein- en 3 by Magaliesburg Jeug Ontwikkelingsentrums. Al hoe meer jongmense is vasbeslote om hul opleiding te voltooi en word geïnspireer uit die prestasies van hul klasmaats wat nie net as voorbeeldige leerlinge gesien word nie, maar ook as leiers in die Girls & Boys Town SA-gemeenskap.

Jongmense begin nou besef hoe belangrik dit is om die nodige vaardighede te bekom ten einde geletterdheid en syfervaardigheid te bemeester. Al hierdie prestasies is moontlik danksy u vennootskap met ons en ons jongmense. Dankie.

***" Hoe meer jy lees, hoe meer weet jy. Hoe meer jy leer, hoe meer plekke sal jy verken." — dr. Seuss***

## Ondersteun ons nou ook deur MySchool

Jy kan Girls & Boys Town nou ondersteun deur middel van die MySchool-program. Indien jy nog nie 'n MySchool/MyVillage/MyPlanet-kaart het nie, doen gerus aansoek om jou gratis kaart en kies Girls & Boys Town as jou begunstigde. Sodra jy die kaart begin swiep, begin ons fondse ontvang. Elke swiep tel!

**Kry jou kaart deur die kliëntedienssentrum te skakel by 0860 100 445 of e-pos cs@myschool.co.za.**

**Vind meer uit by www.myschool.co.za/schools/.**




## Kom meer te wete oor ons bemakingsprogram.

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons nou 'n gids oor erflatings op ons webwerf beskikbaar gestel. Die doel is om lesersvriendelike riglyne te verskaf aan enigeen wat daarin belang stel om 'n erflating aan Girls & Boys Town te bemaak.

Deur 'n erflating aan die instansie te bemaak of 'n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, verseker u dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.®).

Vir meer inligting oor ons bemakingsprogram en/of om 'n eksemplaar van die brosjure te bekom, nader asseblief Gertrude Wilson by Tel. 011 482 2655 of per e-pos by mailing@gbtown.org.za.



# Adam:

## Huis in vlamme, sien aanval op ma

Sy verhaal …

As kind van 'n tienerjarige enkelma op 'n plattelandse dorp was Adam se vroegste jare ongemaklik weens kritiek van die samelewing en aanvanklike teëspoed. 'n Reeks traumatiese ervarings uit daardie tyd sluit die blywende herinnering in van vlamme wat hul huis verwoes, en om te sien hoedat sy ma se kêrel haar vermink. Adam se probleme het toegeneem en is vererger deur leergestremdheid en aggressiewe gedrag, as gevolg waarvan hy uiteindelik uit die skool geskors is. Raadop het sy ma by 'n plaaslike kinderbeskermingsagentskap om hulp gaan aanklop. Nadat Adam na Girls & Boys Town SA verwys is, het hy troos en leiding gevind, en kon sy reis na heling begin. Deur terapie en ondersteuning leer hy nou om sy woede te kanaliseer in begrip en deernis.

Vordering …

Adam het die groot uitdaging aanvaar om vanjaar terug te keer skool toe, gewapen met nuutgevonde selfvertroue en verseker van gespesialiseerde ondersteuning. Omring deur mentors en professionele mense wat sy potensiaal raaksien, het Adam sy innerlike veerkragtigheid herwin – 'n getuigskrif van die lewensveranderende krag van liefde en deelgenootskap wat Girls & Boys Town SA bied, en moontlik gemaak word deur elkeen van ons gewaardeerde skenkers.

# Ndawo:

## Pa in aanhouding, ma werkloos, geweld

Sy verhaal …

Die 15-jarige Ndawo moes gewis groot uitdagings in sy grootwordjare trotseer. Sy pa was in en uit die tronk, sy ma werkloos. Geweld was iets alledaags in hul huis, en hy moes van 'n jong ouderdom dikwels 'n fisieke bakleiery, meestal tussen sy ma en ouma, aanskou. In sulke gevalle het Ndawo gereeld weggekruip of by die bure gaan hulp soek. Later het sy ma haar eie blyplek gekry, maar Ndawo fisiek mishandel en vir lang tye verwaarloos. Ndawo het sy toevlug tot dwelms en aggressiewe gedrag geneem, waarskynlik in reaksie op sy eie geskiedenis van mishandeling. Sy akademiese prestasie het daaronder gely.

Vordering …

Ndawo se verlange na sy afwesige pa en wrok teen sy ma was duidelik, daarom het maatskaplike werkers individuele steun aan elke lid van die gesin gebied, gefokus op beter ouerskapvaardighede en om onderliggende kwessies wat bydra tot Ndawo se gedrag aan te spreek. Ander ingrypings het Ndawo voorsien van die nodige ondersteuning en vaardighede om sy traumatiese grootwordjare te bowe te kom en 'n gesonder toekoms te bou; dit het ook woedebestuur- en dwelmmisbruikprogramme ingesluit.

# Tailulah:

## Vroeg wees gelaat, selfmoordpogings

Haar verhaal …

Tailulah, nou 18 jaar oud en in graad 12, koester so lank as wat sy kan onthou gevoelens van seerkry en onbetrokkenheid. Nadat sy op net 4 maande uit die sorg van haar geestelik versteurde ma gehaal is, leef Tailulah met die wete dat haar eie ma gedreig het om haar kwaad aan te doen. Jare in pleegsorg het Tailulah se gevoel van emosionele verwaarlosing versterk, wat vererger is deur die feit dat mense wat haar moes versorg, haar as 'n "weggooikind" beskryf het. Later, toe sy oud genoeg was om te verstaan, sou sy ontdek dat sy ook 'n broer en jonger suster het – met die droewige besef dat sy al een van die drie kinders was wat nie in die sorg van 'n regte gesin grootgeword het nie. Tailulah se lewensomstandighede en blyplek het gelei tot verskeie selfmoordpogings met 'n oordosis pille; sy het by tye ook tekens van swak gedrag, gewigsverlies, angstigheid en afsondering getoon. Selfs toe haar broer en suster na haar uitgereik het, het sy dit afgewys uit vrees dat ook hulle haar later sou verwerp. Tailulah het uiteindelik 'n plek by Girls & Boys Town SA gevind.

Vordering …

Deur kognitiewe gedragsterapie ("CBT") het Tailulah geleer om trauma te hanteer, emosies te toon en negatiewe gedagtes af te weer. In haar vordering by Girls & Boys Town SA het sy geleer om deel van 'n groep te voel; sy het haar familiebande tydens vakansies versterk en selfs 'n leierskaprol aanvaar – iets wat haar selfvertroue en kommunikasievaardighede 'n hupstoot gegee het.

# Prisha:

## Mishandel deur familie, toe gekaap

Haar verhaal …

Terwyl Prisha in 'n komplekse sosiale en gesinstruktuur grootgeword het, het sy herhaalde en aansienlike emosionele en sielkundige trauma beleef. Uiteindelik, nadat sy ook deur een van haar sibbes mishandel is, is sy verlede jaar by Girls & Boys Town SA toegelaat. Prisha het goed by ons ingeskakel, en 'n tuisbesoek is in Desember 2023 gereël. Maar toe vind daar 'n angswekkende kaping plaas tydens die rit huis toe, wat Prisha van voor af getraumatiseer het. Ons het onmiddellik 'n ontlontingsessie aangebied, gevolg deur gereelde traumaberading wat haar help om te herstel van haar nagmerries en terugflitse.

Vordering …

Hoewel Prisha stadig maar seker die kaping te bowe kom, het die insident nog meer lae by haar bestaande emosionele wonde gevoeg, wat omvattende terapeutiese ingryping nodig maak. Kognitiewe gedragsterapie gerig op die impak van vorige mishandeling vorm deel van die langtermyn ondersteuning.

Die trauma van mishandeling kan oorkom word: **daar is 'n spesiale manier om elke kind te help.**





# OESTYD BY KAGISO!

***Groot besparings vir ons – en 'n kragtige boodskap.***






By ons Kagiso/Randfontein-jeugontwikkelingsentrum wes van Johannesburg groei daar 'n vennootskap uit die grond – een wat as 'n visionêre projek begin het en ontluik het in 'n simbool van groei, geleenthede en 'n volhoubare bron van voedsel.

Toe die oestyd onlangs aanbreek, was dit die hoogtepunt van maande se harde werk. Met 'n mildelike opbrengs van soetrissies en kool het die projek nie net die landskap verryk nie, maar beloof dit ook aansienlike besparings deurdat ons nou minder afhanklik is van winkelgroente vir ons kombuisbehoeftes.

Die personeel sowel as die jongmense van Girls & Boys Town SA het die inisiatief heelhartig aangegryp, en sedert die tuinprojek se aanvangs, is dié jeugontwikkelingsentrum gevul met 'n byna tasbare optimisme.

Die kern van hierdie sukses is die ondersteuning van Shoprite-Checkers se KMI-afdeling ("CSI") in vennootskap met Food & Trees for Africa (FTFA), wat die projek onlangs 'n hupstoot gegee het deur 'n skenking van tuinhulpbronne, opleiding en die installering van drie 5 000-liter-Jojo-tenks – een daarvan ruimhartig aangebied deur die Nelson Mandela-stigting. Dié tenks dien as belangrike reservoirs wat reënwater opvang om die groentetuin te besproei deur 'n sorgvuldig ontwerpte besproeiingstelsel, ook met die vergunning van FTFA.

Dit wat nou hier by Girls & Boys Town SA se Kagiso/Randfontein -Jeug-ontwikkelingsentrum plaasvind, is die resultaat van 'n vennootskap tussen Shoprite-Checkers CSI, hul uitvoerende vennoot FTFA en die Goodbye Malaria Trust South Africa. Ons rig graag 'n spesiale woord van dank aan Shoprite-Checkers Group CSI vir hul ruim ondersteuning om 'n sukses van die projek te maak.



*Deel met diegene wat minder bevoorreg is*



*Vuil word is lekker op blomplantdag*



*Als gereed vir die groot strandskoonmaak*

## Onlangse gebeure lustig gevier



*Seuns wys hul slag tydens buitekook-wedstryd*



*Pienk en plesierig vir 'n Vrouedagviering*



*Dag van terapeutiese kuns loop goed af*



*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*